Veenwouden 1727

Van der Walt

# Nuusbrief

## Van der Walt Familiebond

Posbus 40,
Potchefstroom, 2520
Tel : (018) 293-4000
Faks : (018) 293-4030
E-pos: Krause@PMiller.co.za

**Jaargang 21, nr 1, 2005**

**Nuusbrief van die Van der Walt Familiebond**

**INHOUD**

1. Redaksioneel
2. Kommentaar op familiewapen
3. Bydrae van lesers :
3.1 Skrywe van Prof Japie van der Walt
3.2 Gamkaskloof
3.3 Hester van der Walt se dagboek
Bestuur:-
Voorsitter – Krause van der Walt
Sekretaris - Johan van der Walt
Redakteur – Ockie van der Walt
Ander lede - Maarten van der Walt, Bennie van der Walt

## *Redaksioneel*

Ons kry dikwels korrepondensie wat verrassend en insiggewend is van mense wat wel familielede is, terwyl ons nie bewus is dat dit die geval is nie vanweë die feit dat hulle nie meer die van *Van der Walt* dra nie. Sulke korrespondensie en kontak is aangenaam verrassend en ook insiggewend. So het ek pas uitgevind dat Tant Marietjie de Klerk, ’n ou bekende en gerespekteerde inwoner van Potchefstroom, ’n nooi Van der Walt is, gebore en getoeë in Middelburg (Kaap) omgewing. Dankie Tannie Marietjie vir ’n welkome bydrae tot die finansies van ons nuusbrief. U is beslis vir ’n hele paar jaar niks aan ons verskuldig nie en ons maak seker dat u nog op ons adreslys is.

Nog ’n baie gewaardeerde brief wat ons ontvang het, kom uit die pen van Mev Isabel Groesbeek met nuttige en interessante inligting oor die familiewapen en bondswapen wat verskil. Dit is na aanleiding van ’n aanmerking wat die redakteur van dié nuusbrief in die vorige uitgawe in onkunde gemaak het oor “Franse verbintenisse” soos weerspieël in die dekkleed van die familiewapen wat in die naam van A.P.J. van der Walt geregistreer is en in ons vorige nuusbrief afgedruk is.

Mev Groesbeek loop al ’n lang pad met die Van der Walts, soos blyk uit die feit dat haar naam as redaksielid verskyn in die heel eerste uitgawe van die stamregister van die familie Van der Walt. Ons waardeer haar belangstelling en plaas haar brief volledig. Ons sal ook seker maak dat haar adres op ons sirkulasielys voorkom.

Nog briewe wat ons afdruk in hierdie uitgawe is van Prof Japie van der Walt, ’n oud Latyn onderwyser van Potchefstroom Gimnasium. Die van u wat by hom skoolgegaan het, of uit ander vorme van kontak onthou – kan gerus weer in verbinding tree. Die artikel waarna hy verwys, het nooit by die redaksie uitgekom nie en daarom kan ons nie daarop reageer nie.

Nog ’n welkome aanbod om vir die familiebond ’n webwerf te bedryf, het gekom van Johan van der Walt. Ons eie webadres is .vanderwalt.org.za

Dankie vir die reaksie op die vorige uitgawe wat ons ontvang het van Hendrik (H.P.) van der Walt in Warmbad. Ek sal graag jou brief aan Herman, seun van Tjaart (Bulbergsfontein) gee om met jou kontak te kan maak. Dalk kan julle meer volledige familieverbintenisse blootlê as wat met die foto blootgelê word.

Verder plaas ons nog twee bydraes naamlik ’n briefie van Zannie van der Walt uit die Hel (Gamkaskloof) en ’n stuk wat handel oor die lewe van Hester van der Walt, soos aangehaal uit ’n publikasie van Karel Schoeman, “Die suidhoek van Afrika” (Interpak Books/2002).

Ten slotte het dit onder ons aandag gekom dat hierdie jaar die 300ste herdenkingsjaar van die geboorte van die stamvader Gaele Andriesz is. Die bestuur sal nog koppe bymekaarsit of ons iets daaromtrent kan doen en ons verkry graag enige wenke van ons lede. Intussen het ek ’n oproep ontvang van Hannes van Rensburg van Pretoria. Hy is besig om ’n streek-saamtrek vir die Van der Walts van Noordwes Transvaal te organiseer tydens volgende Paasnaweek te Koster. Sy moeder was ’n nooi Van der Walt en hy is baie entoesiasties oor die Van der Walt-saak. Almal wat belangstel, selfs landwyd, word genooi om hom te kontak. Sy besonderhede is soos volg :

Telefoonnommer : 012-343-2344 Faks 012-440-7970

Huisadres: Posbus 27397, Sunnyside, 0132.

E-pos : hvr@weyer.co.za

Van die bestuur se kant hoop ons om met hom kontak te maak sodra die vakansiedae verby is.

Groete
Ockie van der Walt

## KOMMENTAAR OP NUUSBRIEF OOR APJ VAN DER WALT FAMILIEWAPEN

Beste Redakteur

Dankie vir die moeite met die opstel van die Nuusbrief. Ek besef net te goed wat dit behels.
Na aanleiding van die bydrae oor APJ van der Walt Familiewapen (p.3), die volgende :
Die familiewapen is spesifiek in die naam van APJ van der Walt geregistreer en sal daarom uiteraard verskil van die bondswapen. Let onder andere op na die dekkleed en helmteken wat nie by bondswapens gevoeg word nie. Die Buro vir Heraldiek, Nasionale Argiefdiens, sal die heraldiese simbole sinvol kan verklaar.
Wat betref moontlike Franse herkoms, verwys ek u na die skrywe van dr. AJ (Dries) van der Walt in die publikasie *Stamregister van die familie Van der Walt* (Potchefstroom 1998: p.54). Ek stem saam met die skrywer dat die afleiding van Franse herkoms m.b.t. die stammoeder nie korrek is nie. APJ van der Walt se voorsate (volgens sy kwartierstaat) was meesal Nederlands of Duits. Slegs sy moeder se ouma, Clara Isabella du Preez, was van Hugenote afkoms. Dus kan die Franse lelie moontlik na die herkoms verwys.
Ek verskil egter met bg. skrywer (p.54) m.b.t. die voorsaatlyn van Johanna Weyers.
Haar grootmoeder aan moederskant kon nie die dogter van A.B. Pyl gewees het nie, want dié Pyl-dogter is eers op 18.10.1699 gedoop en Johanna Weyers se grootmoeder trou reeds op 3.05.1693 te Stellenbosch.
Haar ouers: Hendrik/Heinrich Weyers & Anna Elisabeth Gerrits.
Haar grootmoeder aan moederskant was wel Elsje Speldenburg = Kaapstad 6.11.1679 d.v. Hendrik Speldenburg & Adriana Gabriels.

<u>Nasate van Oom Kotie van der Walt</u>
Ongelukkig het die nuusbrief my na die sluitingsdatum vir bydraes (15 Junie volgens artikel) bereik. Ek glo ons sal nuus ontvang m.b.t. die finale produk.

Met vriendelike groete
Isabel Groesbeek (néé Bekker)

# Bydrae van ons lesers

## SKRYWE VAN PROF JAPIE VAN DER WALT

Oom HB en sy seuns Hein en Krause sal onthou wie die Latyn-onderwyser by Gimmies was tussen 1955 en 1965.
Op tagtigjarige leeftyd is ek darem nog in staat om te gesels en te vertel. Daarom doen ek navraag na 'n kort artikel wat ek aan Nuusbrief gestuur het ná 'n besoek aan familiegrond in die omgewing van Noupoort in Oktober 2003.
Nou wonder ek wat van die artikel geword het: in die pos verlore? Êrens (of uit) 'n lêer, of wat? Laat my asseblief weet of dit nog daar êrens is en of die askar dit lankal weggery het.
Aan die Van der Walts wat my ken, stuur ek hartlike groete. Vir gesels en grawe in die verlede het ek baie tyd – ek is lidnommer 351.
Draai af, kom drink eers koffie en gesels op pad Suidkus toe. Die adres is Manyana 7, Kingsway 205, Warner Beach en die telefoonnommer is 031-916-3854.

Hartlike groete
(Prof) Japie van der Walt
PS: Dankie vir Nuusbrief 20:1

## Gamkaskloof – Zannie van der Walt

Ek is op die plaas Schoongezicht, in Uniondale distrik, gebore. Om my posisie in die stamregister te verduidelik, moet ek by kommandant Tjaart van der Walt begin. Hy het twee seuns met die naam Tjaart gehad. Die jonger seun het die plaas Schoongezicht gekoop. Sy seun Hendrik Barnard was my oupa. Oupa Hendrik was getroud met Anna Maria Elizabeth Meyer van Mosselbaai. Haar bynaam was Annie Rooiwang. Hulle seun Jacobus Esias Meyer was my pa. Op sy beurt is hy getroud met Anna Elida Enghels, sy het van Kenhart gekom.

Ek is die derde kind van my ouers, en die tweede seun – daarom het ek die naam van my oupa aan moederskant gekry. Hoe verwag u dat ’n Afrikaanse tongetjie Alexander moet uitspreek? Daarom het Zannie oorgebly. So gebeur dit toe eendag dat my ma reken dis tyd om te trou. Van vry het ek niks geweet nie, maar ek kon boer. Op die ingewing van die oomblik, toe ek eendag in Moorreesburg moes oornag, stel ek ’n hok in die straat met ’n bokkom met aas. Wat was my verrassing groot toe ek die volgende môre daar kom en Nita in die hok kry. Ek het my verplig gevoel om met Anna Catharina Johanna Visser te trou. Noodwendig moes ek ouers vra en dit het soos ’n berg gevoel. Maar wat was my verrassing groot toe die oom verklaar dat dit ’n voorreg sal wees om van haar ontslae te raak.

Ons het op die plaas vir meer as 25 jaar geboer. Uit ons huwelik is drie kinders gebore. Ons het die plaas verkoop en op De Rust gaan woon. Natuurbewaring het iemand met ’n boerdery-agtergrond in die Hel (Gamskaskloof) gesoek. Ek het vol vertroue aansoek gedoen, want ek is mos darem met die duiwel se suster getroud.

In die Hel het ons wonderlike jare beleef, en ek het baie waardering vir my ouvrou (oud, want sy is die oorspronklike). Sy geniet dit ook in die Hel. Graag deel ek enkele stories uit die Hel met u. Ongelukkig gaan dit die buitelanders wees wat gaan deurloop.

Enkele dae na die 1994 verkiesing, hoor ek een aand iemand roep. Ek roep toe terug, maar besef dat die persoon my nie sal hoor nie aangesien die kragopwekker te veel raas. Ek stap toe nader en kry ’n Fransman op my werf. Hy was ’n VN-monitor in KwaZulu Natal en het besluit om die land te sien met die geld wat hy hier verdien het. Hy het die Hel ook op sy program gesit. Heel eerste wou hy weet of ek kon Engels praat. Na my bevestigende antwoord, wou hy weet of hier enige luiperds in die omgewing is. Die Fransman het my byna omhels van vrees toe ek weer eens bevestigend antwoord.

Meer noukeurige navrae het getoon dat hy al vir ongeveer 30 km gestap het. Sy voertuig het ’n pap wiel gekry, waarvan hy eers bewus geword het toe ’n buiteband by hom verby snel, en die wielsleutel pas nie. Daarom het hy maar aangery op die rim met die hoop dat hulp naby is. Die volgende drif was baie klipperig en teen daardie tyd was die rim al oopgetrap soos ’n katrol. Daarom het hy maar aangestap.

Hy het die nag by ons aan huis geslaap, en die volgende môre is ons terug na sy voertuig. Ek was nogal bekommerd oor wat by die voertuig vir my wag, daarom het ek al wat sleutel en gereedskap was, saamgeneem. By die voertuig aangekom, staan hy in die middel van die pad met sy sleutel in hom. Natuurlik het die wielsleutel nie gepas nie, want oor die wielmoere was plastiekdoppies.

Toe ons dit besef, was die omruil van die wiel vinniger as om die storie te vertel. Eers na ons gas weg was, kon ons sy penarie geniet.

Groete

Zannie van der Walt

*Bestuurder : Kaapse Natuurbewaring Gamkaskloof*

## Hester van der Walt se dagboek

Geagte Redakteur

In die vorige uitgawe van die Van der Walt Nuusbrief, meld u van Daan en Willa van der Walt se kriptiese verwysing na Hester van der Walt se dagboek.

Ingeslote vind u ’n afskrif van ’n gedeelte van Karel Schoeman se werk “Die suidhoek van Afrika” (Interpak Books/2002) waar daar na Hester verwys word. Soos u kan sien, was sy ’n nooi Venter wat met Hendrik van der Walt, seun van die stamvader, getroud was. Die res van die inligting sal u in die uittreksel vind.

Verder: In die adreslys is daar ’n verwysing na Prof J.C. van der Walt van Aucklandpark. Hy is my broer en was tot drie jaar gelede rektor van die Randse Afrikaanse Universiteit. Hy het hier aan die suidpunt van Afrika kom aftree in Simonstad.

Beste groete

Koos van der Walt

Uittreksel uit “Die suidhoek van Afrika”

*Dit is eers teen die einde van die eeu dat mens van die gewone lede van die blanke samelewing aan die Kaap meer uitvoerige getuienis kry as in toevallige briefies, want saam met die vroomheid wat buite die amptelike Kerk ontwikkel het, het daar ’n behoefte ontstaan om deur middel van briewe, joernale en lewensverhale op geestelike vlak verslag te doen en getuienis te lewer. Die meeste van hierdie geskrifte gaan suiwer oor die godsdienstige belewenisse en bespiegelinge van die skrywers of – meer algemeen – skryfsters, dog in sommige gevalle bied dit ook biografiese inligting en tree die betrokke persoon daaruit te voorskyn as duidelik omlynde individu.*

*Dit is die geval met Hester Venter, gedoop in 1750, wat in 1766 op sestienjarige leeftyd getroud is met Hendrik van der Walt, ’n seun van die Friese stamvader en lid van ’n familie wat aan die grens van die destydse kolonie gewoon het, eers in die Roggeveld en later in Sneeuberg en Agter-Sneeuberg, waar hulle onder*

*die vroegste blanke intrekkers was. Die egpaar sou tussen 1768 en 1793 tien kinders laat doop.*

*Hester Venter het klaarblyklik 'n sterk drang gevoel om skriftelik uiting te gee aan wat in haar omgaan, en haar angsvallige verslag van sonde, skuld, twyfel en wroeging, onder die titel 'Het begin van 's menschen leven', word vir die algemene leser interessanter gemaak deur die feit dat die eerste bladsye heelwat toevallige inligting van biografiese aard bevat en uitsonderlike insig bied in die lewe van 'n agttiende-eeuse Kaapse vrou.*

*Hester vertel verder wat in haar geheue gebly het vandat sy sewe of agt jaar oud was en noem dat sy aan die wilde kant was maar later "bang gaan sit het om die gebede te bid wat my ma my geleer het". Sy het geestelike liedere van buite geleer.*

*Sy sê dat haar ouers arm was en dat sy net vir 3 maande onderrig ontvang het sodat sy kon lees en skryf. Verder het haar ma haar onderrig. Sy sou ook die prag van die modes navolg maar is deur haar pa skerp verbied.*

*Toe sy 16 jaar oud was is sy getroud met Hendrik van der Walt. Hy was een-en-twintig en het 'n goeie bestaan gehad deur die erfenis van sy ouers wat oorlede was. Sy is weggesleep en het al meer gesorg om die wêreldse goedere te vermeerder en haar goedere moes altyd 'n bietjie blinker wees as die van haar bekendes.*

*Haar ouers het ses dogters en drie seuns gehad. Met verdeling van haar ma se boedel was sy nie gelukkig oor die verdeling nie. Op 'n keer is hulle Kaap toe en het sy in 'n "sware sielstoestand geraak" maar sê sy, sy is wonderlik deur God bewaar".*

*In die Kaap het sy 2 boeke gekoop, geskrywe deur Smytegelt, Die Gekraakte Riet wat gegaan het oor Jesaja 42:3. Sy het die boek oopgeslaan juis op die plek gelees waaroor sy haar baie gekwel het.*

*Een van haar kinders het siek geword en sy het gemeen dat sy in moederlike droefheid nie die kind se dood sou kon oorleef nie maar sy sê dat sy "skielik inwendig gewaar het dat sy heeltemaal los van die kind was:*

*Hester se verslag van haar geestelike belewenisse het in 1852 in druk verskyn "De ondervindelyke bekeringsweg van de salige vrou, Hester Venter."*

*Gesien die min onderwys is sy waarskynlik deur 'n predikant bygestaan. In die boek is ook geleentheidsgedigte wat deur Hester Venter geskryf is, opgeneem.*

**Borgskap:**

**Hierdie eksemplaar is geborg deur Van der Walt Sweiswerke in Winburg- (t) 051 881 0251**